

Vrydag 19 Oktober

Skrif- en Fokusgedeelte:

Efesiërs 4:25-32

Die nuwe lewe bepaal ons “mekaar-verhouding”

Die “mekaar-verhouding” word in hierdie verse beklemtoon, want dit gaan steeds om die eenheid van die kerk. Die duiwel probeer telkens ’n wig indryf tussen ons en God en tussen gelowiges, en hy doen dit veral deur leuens. Christus is die Waarheid en die duiwel is die vader van die leuen. Die geloofsgemeenskap is op vertroue gebou, en vertroue is op waarheid gebou.

Om aanhoudend kwaad te wees, is nog ’n manier van die duiwel om gelowiges te ver-deel. Daar is so iets soos heilige woede wat kan ontstaan oor byvoorbeeld minagting van God, maar ons mag nie sondig as ons hieroor kwaad word nie. Deur leuens en kwaadbly sien die duiwel geleentheid om haat, geweld en skeuring in die geloofsgemeenskap te bring.

Wanneer ons ander besteel of vuil taal praat, bedroef ons die Heilige Gees, maar ons verbly die Gees deur hard te werk en opbouende gesprekke te voer. Die waarde van har-de werk is ook dat ons armes kan help. Vuil woorde besoedel ander mense, maar ons moet eerder mekaar bemoedig, opbeur, vertroos en inspireer. Die Heilige Gees word deur slegte optrede en verdeeldheid bedroef.

Alles wat ander kan afbreek, moet ons uit ons nuwe lewe weer, want bitterheid, op-vlieëndheid, woede, gevloek en skel breek ander af. Ons moet mekaar opbou deur goed-gesind en hartlik te wees en mekaar te vergewe. Ons behoort ander se belange bo ons eie te stel, vriendelik te wees en uit genade mekaar vergewe soos God ons in Christus uit genade vergewe het.

Sing: Psalm 95-1:3

Prof. BJ (Ben) de Klerk (Emeritus)